

# Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA  
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Regulation Gazette*

**No. 9182**

*Regulasiekoerant*

**Vol. 533**

**Pretoria, 5 November 2009**

**No. 32690**

**CONTENTS****INHOUD**

<i>No.</i>	<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>	<i>No.</i>	<i>Bladsy No.</i>	<i>Koerant No.</i>		
<b>GOVERNMENT NOTICES</b>			<b>GOEWERMENTSKENNISGEWINGS</b>				
<b>Justice and Constitutional Development, Department of</b>			<b>Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, Departement van</b>				
<i>Government Notices</i>			<i>Goewermentskennisgewings</i>				
R. 1055	Insolvency Act (24/1936): Amendment of the Third Schedule .....	3	32690	R. 1055	Insolvensiewet (24/1936): Wysiging van die Derde Bylae .....	4	32690
R. 1056	Trust Property Control Act (57/1988): Amendment of Regulations.....	5	32690	R. 1056	Wet op die Beheer oor Trustgoed (57/1988): Wysiging van Regulasies .....	7	32690
R. 1057	Administration of Estates Act (66/1965): Amendment of Regulations.....	9	32690	R. 1057	Boedelwet (66/1965): Wysiging van Regulasies .....	11	32690

---

**GOVERNMENT NOTICES  
GOEWERMENSKENNISGEWINGS**

---

**DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT  
DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING**

No. R. 1055

5 November 2009

**INSOLVENCY ACT, 1936 (ACT NO. 24 OF 1936)  
AMENDMENT OF THE THIRD SCHEDULE**

Under section 153(1)*bis* of the Insolvency Act, 1936 (Act No. 24 of 1936), I, Jeffrey Thamsanqa Radebe, Minister of Justice and Constitutional Development, hereby amend the Third Schedule to the said Act by the substitution for subitems (a) and (b) of item 4 of the following subitems:

- "(a) The fees referred to in item 1 shall be assessed by the Master and shall be payable on or before a date determined by the Master in the manner as determined administratively by the Director-General: Justice and Constitutional Development. Proof of such payment shall be submitted by the trustee to the Master.
- (b) The fees referred to in item 2 shall be payable in the manner as determined administratively by the Director-General: Justice and Constitutional Development and proof of such payment shall be submitted to the Master together with the written request for the rendering by the Master of the service in question."

This amendment shall come into operation on 5 November 2009.

**J T RADEBE**

**MINISTER OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT**

**INSOLVENSIEWET, 1936 (WET NO. 24 VAN 1936)**  
**WYSIGING VAN DIE DERDE BYLAE**

Kragtens artikel 153(1)*bis* van die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936), wysig ek, Jeffrey Thamsanqa Radebe, Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, hierby die Derde Bylae by genoemde Wet deur subitem (a) en (b) van item 4 deur die volgende subitem te vervang:

- "(a) Die leges in item 1 vermeld, word deur die Meester vasgestel en moet op die wyse soos administratief deur die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling bepaal, betaal word voor of op 'n datum deur die Meester bepaal. Bewys van sodanige betaling moet deur die kurator aan die Meester gelewer word.
- (b) Die betaling van die leges in item 2 vermeld, is op die wyse soos administratief deur die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling bepaal, betaalbaar en bewys van sodanige betaling moet aan die Meester gelewer word saam met die skriftelike versoek waarin die Meester gevra word om die betrokke diens te lewer."

Hierdie wysiging tree op 5 November 2009 in werking.

**J T RADEBE**

**MINISTER VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING**

No. R. 1056

5 November 2009

**TRUST PROPERTY CONTROL ACT, 1988 (ACT NO. 57 OF 1988)**  
**AMENDMENT OF REGULATIONS**

The Minister of Justice and Constitutional Development has, under section 24 of the Trust Property Control Act, 1988 (Act No. 57 of 1988) made the regulations in the Schedule.

**SCHEDULE**

**Definitions**

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations published by Government Notice No. R. 1540 of 13 August 1993.

**Substitution of regulations 2 and 3 of the Regulations**

2. Regulations 2 and 3 of the Regulations are hereby substituted for the following regulations:

**"Fees payable at lodgement of trust instrument**

2. The fee which is payable to the Master in terms of section 4 of the Act at the lodgement of a trust instrument shall be R100 in respect of each trust instrument, which shall be payable in the manner as determined administratively by the Director-General: Justice and Constitutional Development and proof of such payment shall be submitted to the Master together with the trust instrument which shall be retained by the Master.

### **Fees payable for the making and certifying of copies of documents**

3. The fee which is payable to the Master in terms of section 18 of the Act for a certified copy of any document under his or her control relating to trust property shall be R4,50, which shall be payable in the manner as determined administratively by the Director-General: Justice and Constitutional Development and proof of such payment shall be submitted to the Master together with the written request of, or rendering by, the Master of the service in question."

### **Commencement**

3. This amendment of the Regulations shall come into operation on 5 November 2009.

No. R. 1056

5 November 2009

**WET OP DIE BEHEER OOR TRUSTGOED, 1988 (WET NO. 57 VAN 1988)**  
**WYSIGING VAN REGULASIES**

Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling het, kragtens artikel 24 van die Wet op die Beheer oor Trustgoed, 1988 (Wet No. 57 van 1988), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

**BYLAE**

**Woordomskrywing**

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 1540 van 13 Augustus 1993.

**Vervanging van regulasies 2 en 3 van die Regulasies**

2. Regulasies 2 en 3 van die Regulasies word hiermee deur die volgende regulasies vervang:

**"Gelde betaalbaar by indiening van trustdokument**

2. Die gelde wat ingevolge artikel 4 van die Wet by die indiening van 'n trustdokument aan die Meester betaalbaar is, is R100 ten opsigte van elke trustdokument, en is betaalbaar op die wyse soos

administratief deur die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling bepaal en bewys van sodanige betaling moet aan die Meester gelewer word saam met die trustdokument wat deur die Meester gehou word.

**Gelde betaalbaar vir die maak en sertifisering van afskrifte van dokumente**

3. Die gelde wat ingevolge artikel 18 van die Wet aan die Meester betaalbaar is vir 'n gesertifiseerde afskrif van enige dokument onder sy of haar beheer wat op trustgoed betrekking het, is R4,50, en is betaalbaar op die wyse soos administratief deur die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling bepaal en bewys van sodanige betaling moet aan die Meester gelewer word saam met die skriftelike versoek waarin, of lewering deur, die Meester van die betrokke diens."

**Inwerkingtreding**

3. Hierdie wysiging van die Regulasies tree op 5 November 2009 in werking.



No. R. 1057

5 November 2009

**ADMINISTRATION OF ESTATES ACT, 1965 (ACT NO. 66 OF 1965)**  
**AMENDMENT OF REGULATIONS**

The Minister of Justice and Constitutional Development has, under section 103 of the Administration of Estates Act, 1965 (Act No. 66 of 1965), made the regulations in the Schedule.

**SCHEDULE**

**Definitions**

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations published by Government Notice No. R. 473 of 24 March 1972, as amended by Government Notices Nos. R. 817 of 13 May 1977, R. 1209 of 13 June 1980, R. 2542 of 20 November 1981, R. 2482 of 1 November 1985, R. 655 of 11 April 1986, R. 2738 of 11 December 1987, R. 610 of 31 March 1989, R. 1208 of 9 June 1989, R. 1921 of 17 August 1990, R. 1602 of 1 July 1991, R. 1627 of 12 July 1991, R. 1539 of 13 August 1993, R. 64 of 14 January 1994, R. 1341 of 12 August 1996, R. 365 of 7 March 1997 and R. 1002 of 12 October 2001.

**Amendment of Schedule 2 to the Regulations**

2. Schedule 2 to the Regulations is hereby amended by—
- (a) the substitution for subparagraph (2) of paragraph 1 of the following subparagraph:

"(2) The fees referred to in subparagraph (1) shall be assessed by the Master and shall be payable in the manner as determined administratively by the Director-General: Justice and Constitutional Development. Proof of such payment shall be submitted by the executor or curator to the Master."; and

- (b) the substitution for subparagraph (2) of paragraph 2 of the following subparagraph:

"(2) The fees referred to in subparagraph (1) shall be payable in the manner as determined administratively by the Director-General: Justice and Constitutional Development and proof of such payment shall be submitted to the Master together with the written request for the rendering by the Master of the service in question."

### **Commencement**

3. This amendment of the Regulations shall come into operation on 5 November 2009.

No. R. 1057

5 November 2009

**BOEDELWET, 1965 (WET NO. 66 VAN 1965)**  
**WYSIGING VAN REGULASIES**

Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling het, kragtens artikel 103 van die Boedelwet, 1965 (Wet No. 66 van 1965), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

**BYLAE**

**Woordomskrywing**

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 473 van 24 Maart 1972, soos gewysig deur Goewermentskennisgewings Nos. R. 817 van 13 Mei 1977, R. 1209 van 13 Junie 1980, R. 2542 van 20 November 1981, R. 2482 van 1 November 1985, R. 655 van 11 April 1986, R. 2738 van 11 Desember 1987, R. 610 van 31 Maart 1989, R. 1208 van 9 Junie 1989, R. 1921 van 17 Augustus 1990, R. 1602 van 1 Julie 1991, R. 1627 van 12 Julie 1991, R. 1539 van 13 Augustus 1993, R. 64 van 14 Januarie 1994, R. 1341 van 12 Augustus 1996, R. 365 van 7 Maart 1997 en R. 1002 van 12 Oktober 2001.

**Wysiging van Bylae 2 tot die Regulasies**

2. Bylae 2 tot die Regulasies word hiermee gewysig deur—
- (a) die vervanging van subparagraaf (2) van paragraaf 1 deur die volgende subparagraaf:

"(2) Die gelde in subparagraaf (1) vermeld, word deur die Meester vasgestel en moet op die wyse soos administratief deur die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling bepaal, betaal word. Bewys van sodanige betaling moet deur die eksekuteur of kurator aan die Meester gelewer word."; en

- (b) die vervanging van van subparagraaf (2) van paragraaf 2 deur die volgende subparagraaf:

"(2) Die gelde in subparagraaf (1) vermeld, is op die wyse soos administratief deur die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling bepaal, betaalbaar en bewys van sodanige betaling moet aan die Meester gelewer word saam met die skriftelike versoek waarin die Meester gevra word om die betrokke diens te lewer."

### **Inwerkingtreding**

3. Hierdie wysiging van die Regulasies tree op 5 November 2009 in werking.
-